# Kategese: 7 Junie 2026

**L.W.: Die Junior kategese kom vandag in die kerk bymekaar.**

## Junior Kategese: Voorskool - Graad 6

***Voorskool**: Tydens die erediens in die ou moederskamer in die kerk.*

### Groei-goggas: Die Wêreld van die Bybel

Ons dra gemaklike, koel klere in die somer en in die winter warm, wollerige klere. Die mense van die Bybel se klere het baie anders gelyk as ons klere. Almal het rokke gedra. Ons gaan speel-speel ‘n poppie met Bybelse klere uitknip sodat ons kan leer waarom hulle so aangetrek het.

***Graad 1-6**: Tydens die erediens in die kerksaal.*

### My blink ID: Een vir almal en almal vir een

Elke kind van die Here is ‘n lid van Sy liggaam. Ons, as die lede, vorm saam die liggaam van Christus oor die wêreld heen. Ons is aanmekaar vasgebind deur Jesus se band van liefde. Ek wonder hoe dit sou lyk as ons die band van liefde kon sien. Ons band met mekaar lyk dalk soos ‘n stywe bol wol wat regoor die wêreld strek. Ons kinders gaan wol gebruik om te leer wat "***Een vir almal en almal vir een***", beteken.

1 Korintiërs 12:27 "***Julle is die liggam van Christus, en afsonderlik is elkeen ’n lid daarvan.***"

**Kategeet: Ds Werner Schultz (084 645 1173)**

**Jeug verteenwoordiger: Rona van Zyl (082 339 1362)**

## Senior kategese: Graad 7 – 12

Die senior katkisante kom elke Sondag na die erediens in die **konferensiekamer**, in die kerksaal byeen, behalwe skoolvakansies en langnaweke – sien kerkkalender in dié verband.

**Kategeet: Gideon Muller (083 236 9869)**

**Kategeet: Ds Willem Sauer (071 674 1675)**